**VOORGESTELDE BOTSWANA – SUID-AFRIKA (BOSA) TRANSMISSIE-INTERKONNEKSIE PROJEK**

***AURECON VERWYSINGSNOMMER 14/12/16/3/3/2/1025***

# OMGEWINGS- EN MAATSKAPLIKE IMPAKBEPALINGSVERSLAG (OMIBV) EN OMGEWINGSBESTUURPROGRAM (OBPr) NOU BESKIKBAAR VIR OPENBARE KOMMENTAAR

'n Volledige Omgewingsimpakbepalings-proses word tans gevolg vir die BOSA projek. Kennis word hiermee gegee volgens Regulasie 41 van Regeringskennisgewing R982 van Desember 2014, gepromulgeer onder die Nasionale Omgewingsbestuurswet, Wet Nr 107 van 1998 (NEMA) van die beskikbaarheid van die OMIB verslag asook die OBPr vir hierdie projek. Die projek behels die installasie van 210 km 400 Kv transmissielyne wat die Isang substasie naby Gaborone in Botswana en die beoogde Mahikeng Substasie naby Mahikeng in Suid Afrika sal verbind. 146 km van die lyn is in Suid Afrika en die res in Botswana. Die spasiering van die die hoogspanningsmaste sal bepaal word in die gedetaileerde ontwerpfase. Die aansoek om omgewingsgoedkeuring (OG) word gedoen vir 'n 1 km wye korridor waarin die transmissielyne opgerig sal word.

Die Southern African Power Pool (SAPP) het Aurecon Suid Afrika (Edms) Bpk as die onafhanklike Omgewingsbepalingspraktisyn aangestel om die volledige goedkeuringsproses te volg en te bestuur. Aurecon bestuur die OMIB proses in Suid Afrika en is in vennootskap met Digby Wells, handeldrywend as RPM, om te verseker dat die nasionale regulasies in Botswana nagekom word.

**Verslae nou beskikbaar vir openbare kommentaar**

'n Gedrukte kopie van die Konsep OMIBV en die OBPr sal vir die voorgeskrewe tydperk van die openbare kommentaar (vanaf 26 Januarie tot 26 Februarie 2018) ter insae beskikbaar wees by die Lehurutshe Gemeenskapsbiblioteek. **[*Neem asb kennis: Die verslag mag nie van die perseel verwyder word nie*].**

Elektroniese kopiee van die verslae sal ook beskikbaar wees op die volgende webwerf: *http://www.aurecongroup.com/en/public-participation.aspx .*

| DORP/GEMEENSKAP | Kopiee van 'n nie-tegniese opsomming sal by die volgende lokale beskikbaar wees. |
|---|---|
| Miga | Supreme Poultry Ramatlabama; Ramatlabama Grenspos; Klippan Boerevereniging, Miga Gemeenskapsaal |
| Khunotswana | Khunotswana Gemeenskapsaal |
| Lehurutshe | Lehurutshe Gemeenskapsbiblioteek; Lehurutshe Burgersentrum; Ga Matshogo Gemeenskap |
| Serake, Driefontein, Mantsie, Borakalalo | Driefontein Kliniek; Swartfontein Poskantoor; Mantsie Gemeenskap; Borakalalo Gemeenskap |
| Supingstad | Supingstad Kliniek |

**Uitnodiging na Ope Huis en Openbare Vergadering**

Belanghebbende en Geaffekteerde Partye word hiermee vriendelik uitgenooi na enige een van die Ope Huis en Openbare Vergaderings wat gehou sal word vanaf 13 tot 16 Februarie 2018 by een van die lokale soos hieronder aangedui

| DORP/GEMEENSKAP | Vergaderingdatum | Vergaderingtyd | Lokaal |
|---|---|---|---|
| Miga | 13 Februarie 2018 | 11h00: Ope Huis;<br>11h30: Openbare Vergadering | Miga Gemeenskapsaal |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Khunotswana | 13 Februarie 2018 | 14h00: Ope Huis; 14h30: Openbare Vergadering | Khunotswana Stamowerheidsaal |
| Lehurutshe | 14 Februarie 2018 | 16h00: Ope Huis; 16h30: Openbare Vergadering | Lehurutshe Burgersentrum |
| Serake, Driefontein | 15 Februarie 2018 | 10h00: Ope Huis; 10h30: Openbare Vergadering | Serake Stamkantoor |
| Supingstad | 16 Februarie 2018 | 09h00: Ope Huis; 09h30: Openbare Vergadering | Ntlung Morafe |

Sou u graag een van die Openbare Vergaderings bywoon, bevestig asb voor 9 Februarie 2018 en verwittig ook ander belanghebbendes van die vergaderings. Stuur asb ook enige kommentare en besware op die OMIBV en die OBPr skriftelik (onthou om die projek se naam en u kontakbesonderhede te meld) voor of op 23 Februarie 2018 na:

Vir aandag: Mev. Amelia Visagie
Aurecon Suid Afrika (Edms) Bpk
Posbus 74381
Lynnwood Ridge
0040
Suid Afrika
Faks: +27 (0) 86 538 6115
Tel: +27(12) 427 3149
Epos: PPP@aurecongroup.com